# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Smith, M |
| Type: End of Term 1 Assessment | Moderator: Teles, K |
| Date: 9 April 2021 | Grade: 6 |
| Marks: 80 Marks | Time: 1 hour 45 minutes |

Naam:

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A : Lees en Kyk

Lees die sprokie en beantwoord die vrae wat volg.

**'n Afrika-sprokie: Hoekom honde karre jaag**

Lank gelede het 'n donkie, 'n bok en 'n hond met 'n taxi huis toe gery.




Hulle ry uit die stad uit op pad na die klein dorpies waar hulle woon.

Toe hulle by die eerste dorpie kom, sê die donkie vir die **taxibestuurder** (*taxi driver*): "Dit is waar ek moet afklim. Hoeveel kos dit, Meneer?"

"Twee rand, asseblief," sê die taxibestuurder. Die donkie betaal en die bok en die hond ry verder in die taxi.

'n Entjie verder vra die bok die bestuurder om hom by sy dorpie af te laai. "Hoeveel kos dit, Meneer?" vra hy.

"Vier rand, asseblief," sê die taxibestuurder.

Die bok spring vinnig uit die taxi en hardloop in die bos in sonder om te betaal. Die taxibestuurder is baie kwaad.

Later kom die hond by sy dorpie aan. "Hoeveel moet ek betaal, Meneer?" vra die hond.

"Ses rand, asseblief," sê die taxibestuurder.

Die hond haal 'n tienrandnoot uit en gee dit vir die bestuurder. Die taxibestuurder vat dit en ry weg. Die hond is kwaad.

Nou weet jy hoekom 'n donkie, 'n bok en 'n hond elkeen verskillende dinge doen wanneer 'n motor in die pad verbyry.

Donkies bly net waar hulle is. Hulle weet hulle het betaal. Die donkie het niks verkeerd gedoen nie, daarom hoef hy nie skuldig te voel nie.

Wanneer daar 'n bok in die pad staan, en 'n kar kom aangery, hardloop die bok dadelik weg. Hy weet hy het nie betaal nie en dink die bestuurder kom sy geld soek.

Maar honde is altyd besig om karre te **jaag** (*chase*), op soek na die bestuurder wat dié hond **verkul** (*cheated*) het en nie sy **kleingeld** (*change*) vir hom gegee het nie.



(Uit: *South and North, East and West*, Walker Books)

1. Wie het met die taxi huis toe gery? (1)

_______________________________________________

2. Waarheen was hulle op pad? (1)

_______________________________________________

3. Wie het eerste afgeklim en hoeveel het hy betaal? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

4. Wie het tweede afgeklim en wat het hy gedoen toe hy moes betaal? (3)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

5. a. Die hond het met 'n tienrandnoot betaal. Wat was sy fooi? (1)

_______________________________________________

b. Wat het met sy kleingeld gebeur? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

6. Dink jy dat die taxibestuurder eerlik teenoor die hond was? Verduidelik jou stelling. (4)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

7. Wat doen 'n hond as 'n kar in die straat verby ry? (1)

_______________________________________________

8. Hoe dink jy het die diere van die sprokie gevoel nadat hulle afgelaai is. (Gebruik die abstrakte werkwoorde in die blokkie om die stellings waar te maak.)

| | | | |
|---|---|---|---|
| gelukkig | hartseer | kwaad | skuldig |

a. Hoe het die donkie gevoel toe hy afgeklim het? (1)

______________________________________________

b. Hoe het die bok gevoel toe hy nie betaal het nie ? (1)

______________________________________________

c. Hoe het die hond gevoel? (1)

______________________________________________

9. Hoe het die taxibestuurde gevoel toe hy met die hond se kleingeld weggery het? (1)

______________________________________________

10. Wat leer hierdie sprokie ons? (1)

______________________________________________

______/20 (Afdeling A)

## Afdeling B : Taalstrukture en konvensies

Vraag 1 Skryf die volgende afleidings en samestellings korrek neer.

(3)

a. kop + kaart = ___________________

b. bok + ooi = ___________________

c. vriend + skap + lik = ___________________

Vraag 2 Voeg die skryftekens in. (3)

a. Joernaliste se hulle wil goeie fotos en videos van leeus hê

Vraag 3 Vul die ontbrekende voorsetsels in die volgende sinne. (3)

a. Die aap hang __________ die tak.

b. Jannie hardloop _____________ die rivier om te gaan swem.

c. Wat lees Ma __________ die koerant?

Vraag 4 Voltooi die idioom. (3)

a. Maljan onder die _____________

b. Elke hond kry sy ______________

c. Die ___________aan die rol sit.

Vraag 5 Kies die regte woord tussen hakkies (versamelname). Onderstreep die antwoord. (2)

a. 'n (Trop/ Skool) bokke was in die veld.

b. Die man koop 'n (tros/ bos) blomme.

Vraag 6 Gee die antoniem van die onderstreepte woorde. (2)

a. 'n Volstruis is 'n klein voël ____________________.

b. 'n Taxibestuurder sit altyd agter ______________.

Vraag 7 Gee die afkortings vir die volgende: (2)

a. straat ______________

b. byvoorbeeld __________________

Vraag 8 Onderstreep die voegwoord in die volgende sinne. (2)

a. Die diere het gevrek want daar was droogte.


b. Sannie het die verkeerde pad gekies dus moes sy omdraai.

_______ / 20 (Afdeling B)

## Afdeling C : Skryf en Aanbied

Skryf 'n storie oor 'n interresante vrou van Afrika. (Maak gebruik van 'n kopkaart) Moenie 140- 150 woorde oorskry nie.

### Kopkaart



Rubriek

| Rubriek | Montlike punte | Leerder punte |
| --- | --- | --- |
| Maak gebruik van kopkaart | 4 | |
| Skryf in paragraaf vorm | 4 | |
| Inhoud en styl | 4 | |
| Grammatika, spelling en leestekens | 5 | |
| Voorgeskrewe lengte | 3 | |
| Totaal | 20 | |

# Adeling D: Luister en Praat


Onvoorbereide lees

Gedig

## Storiehoed

Nanette van Rooyen


As die wêreld grys is en goor
en daar is niks lekker vir my oor
het ek nog altyd my hoed
my lawwe bonte storiehoed:




'n hoed met helder kleure
'n hoed met wilde vere
'n  hoed met 'n son en 'n maan
en skitterblink sterre daaraan.



My hoed praat van stories en reise
van hekse en silwer paleise
en dit verander my in 'n rakker
wat die wêreld vol kan jakker.





Ek vlieg na die land van hekse
van die ooste tot terug in die weste,
want met hierdie hoed op my kop
kan ek oral in die wêreld uitdop.

My storiehoed het geen huis
want hy's oral in die wêreld tuis
en niemand sal ooit kan raai nie
waar hy oral met my heen waai nie.

Rubriek

| Rubriek | Moontlike punte | Leerder punte |
|---|---|---|
| Woorde korrek uitgespreek | 5 | |
| Vlot gelees | 5 | |
| Met Intonasie gelees | 5 | |
| Gebruik leestekens | 5 | |
| Totaal | 20 | |

_______ / 80 Totaal